## ’n Lesenswaardige blik op vroeë Afrikanerjagters

**M. Doorewaard (red.),** ***Trekkerslewe in Brits Oos Afrika: ’n Joernaal uit 1911***
Magriet Doorewaard, Pretoria, 2011
88 pp
ISBN 978-0-620-50155-2
R140.00 + R25.00 posgeld

*Trekkerslewe in Brits-Oos-Afrika: ’n Joernaal uit 1911* is ’n geredigeerde en geannoteerde weergawe van Johannes Francois Kok se selfopgetekende vertellinge oor sy jagavonture in Brits-Oos-Afrika (Kenia) gedurende 1911–1912. Hy was een van die sowat 1 300 Boere wat in die dekade ná die Tweede Anglo-Boereoorlog na Kenia uitgewyk het, meestal om finansiële redes – die verwoesting van die oorlog en kleinerwordende plasies as gevolg van die voortdurende onderverdeling van familiegrond. Kok het egter uit ’n vermoënde familie gestam en het volgens sy eie getuienis trekleier Christiaan Johannes Cloete se trekgeselskap na Kenia vergesel “slegs om na die vee om te sien om sodoende ’n jaggeleentheid in Brits-Oos-Afrika te kry” (p 75, nota 13).

Die boek bestaan uit ’n kort inleiding (pp 1–8) waarin Doorewaard die agtergrond van Kok se joernaal en die redigering van sy manuskrip verduidelik, gevolg deur die geredigeerde teks van sy joernaal (pp 9–65); ’n bylae (pp 67–70) wat Kok se geslagsregister tot 1996 uiteensit; aanvullende aantekeninge tot die teks in die vorm van endnote (pp 71–86); en ’n kort bronnelys (pp 87–88). Doorewaard het streng by Kok se oorspronklike teks gehou, daarom staan die werk in die teken van die wit, meer spesifiek Afrikaner, rassevooroordele van die tyd en bevat dit ook die aanstootlike rasseterminologie van daardie era.

Kok se joernaal begin op 28 Februarie 1911 toe hy sy ouerhuis in die Warden-distrik in die Oranje-Vrystaat verlaat het om hom by ’n trekgeselskap van elf gesinne onder Cloete se leiding aan te sluit vir die uittog na Kenia. Die trekgeselskap het op 7 Maart 1911 met al hul besittings, insluitende skape, beeste en perde, in Durban skeepgegaan en op 18 Maart in Mombasa aan wal gestap. Kok beskryf kortliks hul seereis na Mombasa en hul treinreis daarvandaan na Nairobi, en hoe hy op sowel die skip as die trein met die voer en versorging van die vee gehelp het. Hy verhaal verder hoe die trekgeselskap op Londiane, naby die oewer van die noordoostelike uitloper van die Victoria-meer, met hul vee van die trein afgeklim, hul besittings op waens gelaai en met hul vee effens verder noord na die Eldoret-omgewing op die vrugbare westelike hoogland van Kenia getrek het. Kok het daarna enkele weke vir Cloete op sy plaas gehelp, voordat hy die jagvelde opgesoek het. In dié proses het hy onder meer ’n uitgebreide jagtog in die geselskap van die broers Migaal en Boy Scholtz aan die Nzoia-rivier onderneem.

Kok, ’n veteraan van die Tweede Anglo-Boereoorlog, en sy jagmaats het nie die Boere se historiese reputasie as uitstekende skuts gestand gedoen nie. Hulle het dikwels op kort afstand misgeskiet of diere gekwes. Kok, wat gewoonlik met die Boere se veelgeroemde Duitse Mauser geskiet het (maar soms ook wel met die verouderde Martini-Henri), skryf onder meer oor een so ’n insident:

> Ik heb de dach veel geschiet na hartbeeste – gekwes – niets dood, hulle kom party slagen by tot om 50 tree. Ik schiet lat dit zoo dreun. Geen hartbees dood. De aand waar ons gaat slaap, loop ik weder om te schiet. Ik kryg een hartbees. De eerste schoot kwes ik de bok en ik geeft de bok weder vyf kogels voor hy val (p 33).

Kok en sy makkers se jag-etiek het, soos dié baie ander jagters van die tyd, veel te wense oorgelaat. Hulle het gereeld vir die pot geskiet, maar het jag in die algemeen hoofsaaklik vir die genot daarvan, as 'n sportsoort, beoefen. Daarom het hulle feitlik alles wat voorkom geskiet, van allerlei soorte kleinwild, vlakvarke, rietbokke, hartebeeste en waterbokke, tot jakkalse, luiperds ("tiers"), hiënas ("wolwe"), leeus, krokodille, sebras, buffels, seekoeie, kameelperde en renosters. Die plesier wat hulle uit die blote skiet van die diere geput het, blyk onder meer daaruit toe Kok by geleentheid 'n renoster geskiet het en sy broer, Jan, gevra het of hy ook die dooie renoster 'n skoot in die kop kon gee, waartoe eersgenoemde ingestem het "en daar was Jan tevrede" (p 63). Toe broer Jan en sy vriende daarna twee buffels geskiet het, het Kok opgemerk "[d]it was mooi om zulke grood goed dood te zien" (p 64). Kok en sy makkers het ook nie altyd by die perke van hul jagpermitte gehou nie en het byvoorbeeld by geleentheid twee kameelperde geskiet ofskoon hulle net 'n permit gehad het om een te jag. Die jagters het gewoonlik net die velle van die diere afgeslag om te brei of rieme en sambokke te sny, vir eie gebruik en om te verkoop. Hulle het ook van die dierevet (waarskynlik seekoeivet) verkoop. Die meeste van die vleis het hulle óf in die veld laat lê vir die roofdiere en aasvoëls, óf vir die plaaslike swart bevolking gegee.

Kok het 'n aantal jare nadat hy permanent na sy geboorteland teruggekeer het, uitgevind dat sy ou jagmaat, Migaal Scholtz, 'n boek getiteld *Voortrekkerslewe in Donker Afrika* onder die skuilnaam Bana Maie gepubliseer het,[4] waarin hy na bewering onwaarhede oor hom (Kok) en onakkuraathede in verband met hul jagtogte in Kenia kwytgeraak het. Kok het gevolglik in 1931 sy herinneringe met die oog op publikasie opgeteken (met behulp van 'n dagboek wat hy in Kenia bygehou het) om dié onjuisthede reg te stel. Hy was veral vies omdat Scholtz geskryf het dat hy laasgenoemde "ze boerdery moes waarneem" en dus by implikasie as 'n bywoner vir Scholtz gewerk het, en in die algemeen omdat daar "hier en daar iets voor[kom] in de boek van Bana Maie wat tot nadeel vir my kinders is" (p 59).

Kok het sy manuskrip aan 'n uitgewer voorgelê, wat dit afgekeur het omdat Scholtz (Bana Maie) se *Voortrekkerslewe in Donker Afrika* reeds min of meer dieselfde verhaal vertel het. Dit is dié manuskrip wat Doorewaard nou verwerk en gepubliseer het. Op die keper beskou, bring Kok se joernaal inderdaad niks werklik nuuts na vore nie. Dit is maar een van baie jagverhale wat uit die pioniersverlede van die Afrikaner, tuis en in die diaspora, opgeteken is.[5] Vir die leser wat in dié tema belangstel, bied dit nogtans 'n interessante, lesenswaardige blik op die opvattings, lewenswyse en daaglikse handel en wandel van Afrikanerjagters in, soos hulle dit gesien het, "wilde, ongetemde" Afrika.

*Deon Visser*
*Universiteit Stellenbosch*

4. J.H. de Bussy, Amsterdam, 1928.
5. Onder die bekendste van hierdie werke tel dié van J. von Moltke, *Jagkonings* (Nasionale Pers, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1943); en *Veldsmanne* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1958).